# Eldo-Gespreksgids

Ons het die week begin met 'n kort nuwe preekreeks: die "Vasbyt!" Preeksreeks, waar ons bietjie gaan praat oor uitbranding, want dis juis hierdie tyd van die jaar waar mens gewoonlik uitbranding ervaar, nie waar nie? Almal is moeg en geïrriteerd en mens wil net hê die jaar moet tot 'n einde kom. En daarom gaan ons bietjie stilstaan by Bybelkarakters wat ook so op hierdie punt van uitbranding en moegheid is en kyk hoe hulle daardeur gekom het. En die eerste karakter waarna ons gaan kyk, is na die profeet Elia in 1 Konings 18 en 19. In 1 Konings 18 sien ons hoe hy baie braaf opgetree het teen die Baal profete, en selfs bietjie sarkasme gebruik het, terwyl hulle Baal aanbid het en gesmeek het om hul altaar aan die brand te steek (niks het toe op die ou end gebeur nie). Toe Elia na Yahweh toe bid, die God van die Ou Testament wat die Israeliete uit die woestyn gelei het, het die altaar dadelik aan die brand gesteek. Die Baal profete het geskrik en weggehardloop, maar Elia was kort op hulle hakke en het almal doodgemaak. Na alles gebeur het, het die Kanaänitiese prinses, Isabel, in **hoofstuk 19:1-4** beloof om Elia dood te maak! En i.p.v. om haar aanvat en sy man te staan, hardloop Elia weg! Ironies nie waar nie? Dit is asof die Elia van hoofstuk 18 nie dieselfde Elia is van hoofstuk 19 nie. Hoekom reageer hy dan so? Ek dink hy het heel moontlik ge"crack." Hy het sy "tipping point." Hy het koel en kalm gelyk en so voorgekom soos wat alles afgespeel het in hoofstuk 18, maar hy het tog baie gestres en was onder baie druk. Alles het net te veel geword vir Elia en so was hy oorweldig deur sy emosies.

## 1 Kon. 19:1-8

Nou net so, is hoe ons ook die tyd van die jaar voel. Dalk nie so erg soos Elia waar hy vra dat God sy lewe moet neem nie, maar ons is ook oorwerk, oorweldig deur die werk, moeg, en uitgeput. Dit voel of ons enige tyd gaan "crack" en net bars van stres. Mens weet nie wat om eintlik met al hierdie oorhoopte emosie, frustrasie, en moegheid binne-in mens te maak nie. En wat doen mens as dan jy hierdie punt van Elia bereik? Ek dink dis dan waar God inkom. Ons sien in **1 Kon. 19:5-8** gaan slaap Elia onder 'n struik en word wakker gemaak om te eet en te drink. Dit gebeur nog 'n keer en Elia het toe krag gehad om vir 40 dae lank deur die woestyn te loop na die Horebberg. So, wat is die lessie wat ons hier leer? Met 'n middagslapie en 'n sny koek kom mens ver en is al jou probleme opgelos! God gee Elia krag deur die roosterkoek en slapie. En dis al wat Elia nodig gehad het; hierdie bietjie rustig word.

Dit wys net, rus is nodig! God wil hê die mens moet rus. Dit is hoekom hy die Sabbat vir ons gegee het. Om so die mens te beveel om 'n dag in die week af te vat om rustig te wees en ons liggame en siel tyd te gee om te herstel, want Hy het ons gemaak en ken dus ons limiet. En dit klink dalk nou moeilik, want hoe kan jy van my verwag om te rus: dis jaareind, dis eindeksamen, daar is nie tyd vir rus nie. Maar, met hard werk, kom hard rus. So ons moet tyd maak in hierdie besige wêreld om te rus. Ons liggaam en siel het dit nodig. Jy is geregtig op rus.



Maar ook saam met dit, ontmoet God in hierdie rustig wees. As ons gaan kyk waarnatoe Elia gegaan het, sien ons iets interessants raak. Die Horebberg word ook die Sinaiberg genoem. Die berg waar Moses vir God ontmoet het en so die 10 gebooie ontvang het. Na hierdie berg, die berg van God, moet Elia toe gaan om God te ontmoet. Hy moet na God toe gaan in sy tyd van stres. In sy uitputting, moegheid, en vrees. God is hier letterlik sy "bergskuiling". En interessant, toe hy by die berg kom en hy vir God soek, was Hy nie in die harde wind, die sterk aardbewing, of die vlammende vuur nie. Nee, God was in die sagte gesuis. God was in die rustigheid. As jy na God toe gaan sal jy ook so rustigheid ervaar. So, gaan na God toe in jou moegheid. Gaan na God toe in jou angs. Gaan vind jou rus by ons bergskuiling. Gaan vind jou rus in 'n sagte suis.

## Gespreksvrae

- Wat is dit wat jou laat stres of jou moeg maak die tyd van die jaar? Hoe voel jy na alles wat die jaar gebeur het?
- Hoe kan jy tyd maak vir rus in jou besige program?
- Wat is dit wat soms jou rus kan "steel"?
- Hoe kan ons rus vind by God? Gee praktiese voorbeelde hiervan.